

SONDAG:10

VRAAG EN ANTWOORD: 28

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
<i>Vraag: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?</i>			
Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig	1	Job 1:21-22	en gesê: Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd! By dit alles het Job nie gesondig en aan God niks ongerymds toegeskrywe nie,
		Psalm 39:10	Ek is stom, ek sal my mond nie oopmaak nie; want U het dit gedoen.
		Romeine 5:3	En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk,
		Jakobus 1:3	omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.
en in voorspoed dankbaar	2	Deuteronomium 8:10	en jy sal eet en versadig word en die HERE jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het.
		1 Tessalonisense 5:18	Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.
kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader	3	Psalm 55:23	Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.
		Romeine 5:4	en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop;
kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie,	4	Romeine 8:38-39	Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.
aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie.	5	Job 1:12	Daarop sê die HERE aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE.
		Job 2:6	En die HERE sê aan die Satan: Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe.

	Spreuke 21:1	Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.	Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here; soos 'n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies.
	Handelinge 17:25-28	Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.	Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Inteendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee. Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon. God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons. Of soos party van julle digters ook gesê het: 'Ons stam ook van Hom af.'